# <u>Gebeure van die doop. (05-02-2026)</u>

**Lukas 24**: 49  En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte.

**Handelinge 2**: 37  Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en
die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders? 38  En Petrus sê vir hulle:
Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.

**Johannes 3**: 3  Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien
nie. 4  Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog
nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie? 5  Jesus
antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en
Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. 6  Wat uit die vlees gebore is, is
vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.

**Markus 16**:15  En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die
evangelie aan die ganse mensdom. 16  Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word;
maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

**Handelinge 22**: 12  En 'n sekere Ananías, 'n vroom man volgens die wet, wat 'n goeie
naam gehad het by al die Jode wat daar woon, 13  het na my gekom en by my gaan staan
en vir my gesê: Saul, broeder, word siende! En op dieselfde oomblik het ek hom
aangekyk. 14  En hy het gesê: Die God van ons vaders het jou voorbeskik om sy wil te
ken en die Regverdige te sien en die stem uit sy mond te hoor; 15  want jy sal vir Hom by
al die mense 'n getuie wees van wat jy gesien en gehoor het. 16  En nou, waarom
versuim jy? Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy die Naam van die
Here aanroep.

**Romeine 6:1**  Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan
word? 2  Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin
lewe? 3  Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood
gedoop is nie? 4  Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat

net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so
in ‘n nuwe lewe kan wandel. 5  Want as ons met Hom saamgegroei het deur die
gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy
opstanding; 6  aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die
liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien
nie. 7  Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde. 8  As ons dan saam met
Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe, 9  omdat ons weet
dat Christus, nadat Hy opgewek is uit die dode, nie meer sterf nie. Die dood heers oor
Hom nie meer nie. 10  Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir die sonde eens en vir
altyd gesterwe; maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God. 11  So moet julle ook reken
dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here.

**Romeine 8:8**  En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie; 9  julle is egter nie in die
vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand
die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie. 10  Maar as Christus in
julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die
geregtigheid. 11  En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle
woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame
lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.

**1 Petrus 3: 18**  Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir
die onregverdiges, om ons tot God te bring—Hy wat wel gedood is na die vlees, maar
lewend gemaak deur die Gees; 19  in wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die
geeste in die gevangenis, 20  wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid
van God een maal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is,
waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is; 21  waarvan die teëbeeld, die
doop, ons nou ook red, nie as ‘n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as ‘n
bede tot God om ‘n goeie gewete—deur die opstanding van Jesus Christus

**Galásiërs 3:26**  Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus
Jesus; 27  want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee.

DAAR STAAN ÓÓK GESKRYWE